



IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
VRYSTAATSE AFDELING, BLOEMFONTEIN

Reporteerbaar:	YES/NO
Van belang vir ander Regters:	YES/NO
Sirkuleer na Landdroste:	YES/NO

Saak Nr. : 1540/2016

In die saak tussen:-

<u>ANTON LOGGENBERG</u>	1ste Applikant
<u>ANTON LOGGENBERG N.O.</u>	2de Applikant
<u>CHARLOTTA AUGUSTA LOGGENBERG N.O.</u>	3de Applikant

en

<u>NICOLAAS PETRUS MAREE</u>	1ste Respondent
<u>REGISTRATEUR VAN AKTES</u>	2de Respondent
<u>DIE MEESTER VAN DIE VRYSTAATSE</u>	
<u>AFDELING VAN DIE Hoë HOF VAN SUID-</u>	
<u>AFRIKA</u>	3de Respondent

CORAM: JORDAAN, R

UITSPRAAK DEUR: JORDAAN, R

AANGEHOOR OP: 26 MEI 2016

GELEWER OP: 9 JUNIE 2016

- [1] Die eerste applikant het as applikant by wyse van dringende aansoek aansoek gedoen vir sekere tussentydse regshulp hangende die finale beregting van die aansoek

alternatiewelik finale beregting van 'n aksie ingestel te word vir finale regshulp. Die eerste respondent, 'n prokureur van die firma Maree & Bernard te Hoopstad, opponeer die aansoek en nadat opponerende en repliserende verklarings geliasseer is is die aansoek geargumenteer op die 26ste Mei 2016.

- [2] By die aanvang van die argumentering van die aansoek is aansoek gedoen namens die voormelde tweede en derde applikante om as sulks toe te tree tot die aansoek ten einde op dieselfde stukke dieselfde regshulp te vorder. Die aansoek is toegestaan maar die tweede en derde applikante gelas om die koste van die aansoek om toetrede te betaal. Ek sal later handel met die regshulp wat deur die applikante gevorder word.
- [3] Dit is dienlik om op hierdie stadium te vermeld dat die *locus standi* van die eerste applikant sowel as die kapasiteit van die tweede en derde applikante om namens die trust waarvan hulle twee van die drie trustees is, op te tree en die aangevraagde regshulp te vorder, in geskil geplaas is. Voorts het dit geblyk dat dit gemene saak is dat die koper van die eiendom waarna hierin later verwys word ene Mnr Louis Claasen en wat klaarblyklik 'n belang by die aangeleentheid het, nie as party gevoeg is nie. Dit is dienlik om eers te handel met die feitelike bewerings en agtergrond tot die aansoek ten einde die voormelde argumente en punte sowel as die res van die argumente met betrekking tot die aansoek in perspektief te plaas.

- [4] Die eerste applikant en sy familie het boerdery bedryf op verskeie plaaseiendomme wat die eiendom was van die Anton Loggenberg Familie Trust. Hierdie eiendomme was met verband beswaar ten gunste van beleggers wat deur die firma Maree & Bernard, 'n prokureursfirma en waarvan die eerste respondent 'n lid was, verkry is uit hoofde van die beleggingspraktyk van die prokureursfirma. Die firma het naamlik, as deel van hul besigheid, die verkryging van beleggings vir kliënte hanteer welke gelde dan aangewend is as lenings teen sekuriteit van verbande op onder andere plaaseiendomme.
- [5] Op 'n stadium het die Anton Loggenberg Familie Trust (die familie trust) finansiële probleme ervaar wat daartoe gelei het dat die trust nie sy finansiële verpligtinge kon diens nie. Dit het gelei tot vonnisse teen die familie trust en dreigende eksekusie stappe om van die plaaseiendomme te verkoop. Die twee Weltevreden plase wat die onderwerp van die onderhawige aangeleentheid vorm was deel van daardie eiendomme.
- [6] Die eerste applikant se weergawe is dat hy, synde bevriend met die eerste respondent, die eerste respondent gaan spreek het ten einde planne te beraam om uit die finansiële probleme te kom of stappe te neem ten einde behoud van die plaaseiendomme te verseker aangesien die eerste applikant en sy familie daarop 'n boerdery bedryf het, daarop gewoon het en vir die bestaan van die familie afhanklik was van die behoud van die eiendomme. 'n Eksekusie verkoping van die Weltevreden plase was gereël om plaas te vind

gedurende Oktober 2011. Volgens die eerste applikant het hy en die eerste respondent 'n konsultasie gevoer met Mnr P H Strydom, 'n prokureur te Pretoria, waar die aangeleentheid bespreek is, die eerste applikant geadviseer is en daar ooreenkomgekomp is dat die aangeleentheid hanteer sal word op die wyse dat die eerste respondent die betrokke twee plaaseiendomme op die eksekusie veiling sou koop, eerste respondent ten behoeve van die eerste applikant se familie 'n verdere trust sou stig en dan die nodige reëlins sou tref om nuwe lenings vir die nuwe trust te bekom ten einde die familie trust se verpligtinge af te betaal sodat daardie skuld afgelos is en ten einde die eerste respondent se koste vir die aankoop van die eiendomme op die likwidasië veiling terug te betaal. Die verkryging van die nodige finansiering vir voormelde doeleindes sou deur die eerste respondent gereël word uit hoofde van die beleggingspraktyk wat sy firma gehad het. Die nuwe te stigte trust sou dan hierdie finansiering bekom en sodoende ook weer eiendomsreg van die grond bekom vanaf die eerste respondent nadat eerste respondent die eiendomme op die likwidasië veiling gekoop het.

- [7] Vir doeleindes van die voormelde werkswyse sou dit belangrik wees dat die koopprys van die plase op die likwidasië veiling nie deur kompeterende bidders te hoog opgejaag word en sodoende die terugkoop van die eiendomme vanaf eerste respondent buite bereik van die nuwe te stigte trust te plaas nie.

- [8] Die eerste applikant vermeld dat hy voor die plaasvind van die veiling met moontlike potensiële bidders wat aan hom bekend was en hom goedgesind was, gesprek gevoer het en hulle ooreed het om nie die koopprys van die eiendomme op jaag nie sodat die eerste respondent die eiendomme kon koop teen 'n lae prys ten einde die terugkoop van die te stigte trust vanaf die eerste respondent so goedkoop as moontlik te maak. Volgens hom het dit geskied met die kennis en medewerking van die eerste respondent en het die eerste respondent inderdaad op die betrokke veiling die aanwesiges meegedeel dat hy van voorneme is om die twee plase in te koop namens die eerste applikant. Die feit van hierdie mededelings deur die eerste respondent word bevestig deur twee stawende verklarings van getuies wat op die veiling teenwoordig was. Volgens die eerste applikant was die markwaarde van die twee eiendomme gesamentlik ongeveer R1 miljoen maar weens sy suksesvolle onderhandeling met potensiële bidders, het die eerste respondent daarin geslaag om die eiendomme op die veiling aan te koop vir 'n totale koopprys van R500 000,00.
- [9] Na die likwidasië veiling en gedurende April 2012 is die nuwe trust synde die Chacoranja Trust deur bemiddeling van die eerste respondent opgerig en was die tweede en derde applikante sowel as die eerste respondent die medetrustees van daardie trust (die nuwe trust). Hierdie trustees was deur die Meester gemagtig op die 6de Junie 2012. Die twee plase wat op die veiling deur die eerste respondent aangekoop is is gedurende Augustus 2012 aan hom getransporeer. Die eerste applikant en sy familie het egter

op die betrokke plase bly woon en 'n boerdery daarop bedryf. Intussen is ander gronde van die familie trust ook in eksekusie verkoop en is net meer as R3,5 miljoen daardeur geïen waarvan 'n bedrag van ongeveer R2,9 miljoen ten behoeve van die familie trust op die rekening van voormelde familie trust inbetaal is.

- [10] Die eerste applikant het voorts met die eerste respondent onderhandel om ook van die ander plase wat in eksekusie verkoop was terug te koop vanaf die kopers daarvan en is eerste respondent versoek om onderhandelinge in daardie verband te voer. Vir doeleindes daarvan het die nuwe trust 'n verdere R2 miljoen aan die firma Maree & Bernard oorbetaal gedurende 2013.
- [11] Die eerste applikant beweer dat hy onder andere gedurende 2013 met die eerste respondent 'n gesprek gevoer het ten einde die balans van die familie trust se skuld te bepaal, die nodige lenings ten gunste van die nuwe trust te reël ten einde die aflos van die familie trust se skuld te bewerkstellig en die nodige oordrag van die Weltevreden plase aan die nuwe trust te bewerkstellig.
- [12] Die eerste applikant heg aan 'n staat ontvang vanaf Maree & Bernard gedateer die 1ste Desember 2013 waaruit dit blyk dat die koopprys van die Weltevreden plase soos deur die eerste respondent aangekoop volgens die staat van Maree & Bernard aangetoon is as 'n skuld van die familie trust en as sulks deur die familie trust gewaarborg is terwyl die opbrengs van die verkoping weer as 'n krediet ten gunste van die

familie trust aangedui is. Uit hoofde daarvan beweer die eerste applikant dat die koopprys inderdaad nie deur die eerste respondent betaal is nie maar in effek deur die familie trust as sulks.

- [13] Eerste applikant beweer dat die ooreenkoms wat aangegaan is met betrekking tot die likwidasië veiling en daaropvolgende beplande verkryging van die eiendomme deur die nuwe trust inderdaad 'n beding ten behoeve van 'n derde daargestel het wat, na die stigting van die nuwe trust, deur die trust aanvaar is en bied ook dan namens die trust aan betaling van wat ook al nog verskuldig mag wees ten einde oordrag van die eiendomme te verkry. Die eerste applikant heg ook aan 'n staat waarin die familie trust gedurende Augustus 2015 aangemaak is vir 'n uitstaande balans van die familie trust van R1 094 174,48 as synde die uitstaande bedrag.
- [14] Volgens 'n skrywe van die 11de Januarie 2016 het die firma Maree & Bernard 'n skrywe gerig aan die applikante waarin beweer word dat alle ooreenkomste weens nie-betaling van die familie trust se skulde verval het, alle eise aan Mnr Henk Strydom, die prokureur in Pretoria, sedeer is en dat die eerste respondent geen verdere seggenskap daarvoor het nie. (Die eerste respondent beweer later dat die verwysing na 'n sessie foutief is en dat dit eintlik verwys na die oorhandiging van die eise aan die Pretoria prokureur.) Volgens 'n skrywe van die 1ste Februarie 2016 deel Mnr Henk Strydom die applikant se prokureur mee dat hy instruksies hou van die eerste respondent om uitsetting van die eerste applikant en sy familie van die betrokke

Weltevreden plase te verkry en die uitstaande bedrag van die familie trust te vorder. In 'n skrywe gedateer die 2de Februarie 2016 vermeld Mnr Strydom onder andere:

“Per advies ag my kliënt hom nie gebonde aan enige vorige gesprekke, beloftes en ooreenkomste wat u onder die indruk kon bring dat u geregtig is om die plaas te okkupeer en/of aan te koop nie,”

- [15] Die eerste respondent beweer dat hy die betrokke likwidasië veiling bygewoon het namens en ten behoeve van die Maree & Bernard beleggers waarvan hy op daardie stadium ook een was en dat hy dit bygewoon het ten einde toe te sien dat die plaas nie vir die spreekwoordelike appel en 'n ei verkoop word nie. Eerste respondent ontken dat daar tydens die konsultasies of gesprekke met Mnr Strydom, die Pretoria prokureur, enige sprake was van 'n inkoop van die eiendom deur 'n te stigte trust of enige ander instansie namens die eerste applikant nie. Volgens eerste respondent het die eerste applikant voor aanvang van die veiling op die betrokke dag hom meegedeel dat hy wat eerste applikant is reeds aanvoerwerk gedoen het ten einde voornemende kopers en bure van die grond te oorreed om nie die pryse op te jaag nie ten einde die eerste respondent in staat te stel om die grond vir hom (die eerste applikant) terug te koop. Eerste respondent het hom egter meegedeel dat hy nie daar is vir sodanige doeleindes nie maar ten einde die belange van verbandhouders te verseker. Die eerste respondent beweer dat hy inderdaad die aanwesigheid toegesprek het op die veiling en hulle meegedeel het dat hy daar is namens

die verbandhouders en met die doel om toe te sien dat 'n goeie prys vir die eiendom verkry word en die eiendom vir markwaarde verkoop word by gebreke waaraan hy self tydens die eksekusie veiling die eiendom sou inkoop. Hy beweer ook dat die bod op hom toegeslaan is op die bedrag van R500 000,00 en dat dit voorgekom het dat niemand anders belang gestel het om die eiendom te koop nie. Die eerste respondent dui dan ook aan dat volgens 'n staat deur homself opgestel op die 11de April 2016 die opbrengs van die verkoping inderdaad tot krediet van die familie trust gereflekteer word.

- [16] Die eerste respondent beweer dat die eerste applikant klaarblyklik onder die indruk verkeer het dat hy wat eerste applikant is nou die plase sou kon terugkoop vanaf die eerste respondent vir dieselfde prys. Hy het egter die eerste applikant meegedeel dat hy wat eerste respondent is geen voorneme het om die grond vir sy eie doeleindes aan te wend of op die lang termyn te behou nie aangesien hy self genoeg grond het. Hy het ook die applikant meegedeel dat hy die eiendom kan terugkoop onderhewig aan betaling van die volle skuld van die familie trust. Volgens die eerste respondent is hy van mening dat hy sy eie sekuriteitsposisie as mede-verbandhouer beskerm het deur die inkoop van die betrokke eiendom en so ook die belange van ander beleggers sodanig beskerm het.
- [17] Eerste respondent beweer dat die eerste applikant op 'n later stadium hom genader het en versoek het om 'n nuwe trust op te rig ten einde die plase terug te koop en verdere

finansier te probeer verkry. Die eerste respondent beweer in hierdie opsig as volg:

“Die trust is opgerig as ‘n verdere voertuig deur personeel in my kantoor na aanleiding van die instruksies wat ek per handgeskrewe nota aan hulle gegee het. ... Daar was nooit enige instruksies aan my as prokureur, trustee of andersins gegee ten opsigte van die aankoop van enige eiendom nie. Die trust is bloot opgerig om as voertuig te dien vir ‘n transaksie wat beide van ons in die vooruitstelling gestel het.”

- [18] Die eerste respondent ontken die bestaan van enige voorafgaande ooreenkoms tot die effek dat hy die eiendom sou aankoop ten einde dit weer oor te dra aan die eerste applikant of enige trust wat nog gestig sou word. Hy beweer dat hy teen die einde van 2015 tot die besef gekom het dat die eerste applikant en die familie trust nie in staat was om die bestaande lenings terug te betaal en oordrag van die eiendom te neem nie. Om daardie rede het hy opdrag gegee vir die uitsetting van die eerste applikant en sy familie vanaf die eiendom. Hy ontken dat daar enige sprake was dat ‘n verdere leningsooreenkoms ten behoeve van die nuwe trust verkry sou word. Volgens die eerste respondent het die idee van terugkoop van die eiendom ten behoeve van die eerste applikant of ‘n nuwe trust eers ter sprake gekom nadat die nuwe trust opgerig is en nadat die likwidasie veiling en die oordrag aan die eerste respondent reeds geskied het. Hy stel dit as volg:

“Die applikant het wel nadat die trust opgerig is, aan my voorgestel dat die koper van die eiendom wat in my naam

geregistreer is, wat gevisualiseer is verkoop staan te word aan die trust as genomineerde, hierdie betrokke trust behoort te wees. Telkemale wanneer hierdie voorgenome verkooptransaksie bespreek is, is een aspek baie duidelik gemaak naamlik dat die totale skuld betaal moet word alvorens daar enige sprake sou wees van 'n verkoping. Dit het nie plaasgevind nie en ek het die aanbod teruggetrek in Januarie 2016.”

- [19] Met betrekking tot die rekeningstaat gelewer deur Maree & Bernard gedateer 1 Desember 2013 waaruit dit voorkom asof die koopprys van die eiendomme deur die familie trust as sulks gewaarborg en betaal is, word deur die eerste respondent bloot as volg afgemaak:

“Ek stem saam dat die rekening verkeerd is. Ek weet nie wie by die kantoor van Maree & Bernard hierdie berekenings voorberei het nie, die korrekte berekening is hierby aangeheg. Ek volstaan daarby.”

Dit dien gemeld te word dat die korrekte rekening volgens die eerste respondent die een is wat hy gedurende April 2016 self voorberei het.

- [20] Die eerste respondent beweer, onder andere, dat dit deurentyd die verstandhouding tussen hom en die applikant was dat die betaling van die skuld las van die familie trust tot gevolg kon hê dat die eiendom wat in eksekusie ingekoop is deur hom, oorgedra kon word. (In wese die eerste respondent se eie woorde in sy verklaring.)

GEVORDERDE REGSHULP

- [21] Dit is teen die agtergrond van die voormelde bewerings wat die eerste applikant aanvanklik die hof genader het vir tussentydse regshulp wat die eerste respondent verbied om met die betrokke plase wat deur eerste respondent op die eksekusie veiling aangekoop is te handel, dit te beswaar of aan enige iemand oor te dra hangende finale beregting van die aansoek alternatiewelik die instel van 'n aksie vir finale regshulp.
- [22] Weens die feite-dispute in die aansoek was dit tydens argumentering van die aansoek duidelik dat die applikante nie voornemens is om finale regshulp op die aansoek aan te vra nie maar slegs tussentydse regshulp vorder hangende beregting van 'n aksie om ingestel te word vir finale regshulp.
- [23] Vir die aangevraagde regshulp as tussentydse regshulp steun die applikante op 'n sogenaamde beding ten behoeve van 'n derde wat deur die eerste applikant met eerste respondent gesluit is ten behoeve van 'n trust nog gestig te word. Soos reeds gemeld beweer die applikante dat die Chacoranja Trust inderdaad die beding aanvaar het en die eerste respondent uiteindelik verplig is om oordrag aan die trust te bewerkstellig. Uit die applikante se eie bewerings blyk dit dat daar verskeie onsekere voorwaardes sou wees vir die uitvoering van die beweerde beding onder andere sou die verskuldigheid van die familie trust bepaal moes word en sou die nodige finansiering ten behoeve van die nuwe trust verkry moes word ten einde die familie trust se verskuldigheid te delg en enige koste en uitgawes van die

eerste respondent met betrekking tot die aankoop van die eiendomme te betaal. Vir doeleindes van die tussentydse regshulp is dit nie nodig om tans te beslis oor die afdwingbaarheid van sodanige beding nie. Dit is ook nie nodig om te beslis of, soos applikante beweer, die Chacoranja Trust inderdaad afdwingbare regte verkry het deur beweerde aanvaarding van die beding nie. Hierdie vraag sal beslis moet word, indien enigsins, deur die voorgenome aksie. Op hierdie stadium kan ek bloot vermeld dat ek ernstige bedenkinge het oor die afdwingbaarheid van 'n beding in sulke terme wat afhanklik is van verdere onderhandelinge en die sukses daarvan. Indien die bewerings van die eerste applikant aanvaar word kom dit my *prima facie* voor asof die ooreenkoms met die eerste respondent meer waarskynlik inhoudelik tot die effek was dat 'n verpligting op die eerste respondent geplaas is om die nodige onderhandelinge te voer ten einde die eiendomme uiteindelik aan die nuwe trust oor te dra. So gesien, sou die uiteindelijke sukses van die voorgenome aksie waarskynlik eerder berus op die ontwikkeling van die kontraktereg op grond van die riglyne soos bespreek in die *dicta* van die Grondwethof in die beslissing van **Everfresh Market Virginia (Pty) Ltd v Shoprite Checkers (Pty) Ltd** 2012 (1) SA 256 te paras [71] en [72] daarvan, in besonder die volgende:

“71. Had the case been properly pleaded, a number of inter-linking constitutional values would inform a development of the common law. Indeed, it is highly desirable and in fact necessary to infuse the law of contract with constitutional values, including

values of ubuntu, which inspire much of our constitutional compact. ...

72. Were a court to entertain Everfresh's argument, the underlying notion of good faith in contract law, the maxim of contractual doctrine that agreements seriously entered into should be enforced, and the value of ubuntu, which inspires much of our constitutional compact, may tilt the argument in its favour. Contracting parties certainly need to relate to each other in good faith. Where there is a contractual obligation to negotiate, it would be hardly imaginable that our constitutional values would not require that the negotiation must be done reasonably, with a view to reaching an agreement and in good faith."

[24] Uit die aard van die saak is die applikante se steun op 'n beding ten behoeve van 'n derde wat beweerdelik reeds regte vir die Chacoranja Trust gevestig het, 'n konstruksie wat op advies van die regsverteenwoordigers daarop geplaas is. Niks sou egter die applikante verhinder om in die voorgenome aksie te steun op 'n verpligting om in goeie trou te onderhandel nie. Hierdie moontlikheid is reeds tydens argument van die aansoek deur my geopper en tereg deur Mnr Terblanche namens eerste respondent toegegee dat daar ruimte is vir so 'n konstruksie op die gegewe bewerings namens die applikante.

[25] Indien ander oorwegings met betrekking tot *locus standi*, nie-voeging ensovoorts buite rekening gelaat word is die vraag of ek op hierdie stadium tevrede is dat daar 'n redelike vooruitsig op sukses in so 'n voorgenome aksie sou wees.

VOORUITSIGTE OP SUKSES

- [26] Alhoewel die eerste applikant se bewerings omtrent 'n voorafgaande ooreenkoms dat eerste respondent die eiendom op die likwasie veiling sou aankoop ten behoeve van die Loggenberg familie of ten gunste van 'n voorgenome trust, deur die eerste respondent ontken word, is daar op die oorweging van die stukke as geheel sterk staving vir die eerste applikant se weergawe.
- [27] Waar die eerste applikant in paragraaf 26 van die stukke vermeld dat die eerste respondent inderdaad die aanwesiges op die likwasie veiling meegedeel het dat hy die eiendom gaan aankoop ten behoeve van die eerste applikant antwoord die eerste respondent in paragraaf 18.36 bloot dat hy nie weet watter gesprekke die applikant met sy bure gehad het voor die veiling nie en dat die gebeure van die vergadering reeds volledig gehandel is met die inleiding tot sy opponerende verklaring. Hy antwoord glad nie op die stawende eedsverklarings deur twee getuies wat sy mededelings op die veiling staaf nie.
- [28] Die eerste respondent se ontkenning dat daar voorafgaande sprake was van die stigting van 'n trust vir die doeleindes van uitvoering van die beweerde ooreenkoms blyk weerspreek te word deur die feit dat daar inderdaad deur hom 'n trust gestig is vir, volgens hom, geen spesifieke ander doel nie. Inteendeel, soos reeds in tevore vermeld, beweer die eerste respondent self dat die nuwe trust as 'n voertuig sou dien.

- [29] Die debitering van die koopprys, wat deur eerste respondent betaalbaar was, teen die rekening van die familie trust word hoegenaamd nie behoorlik deur die eerste respondent verduidelik nie. Dit opsigself is 'n sterk aanduiding dat die eerste respondent van oordeel was dat die koopprys deur die familie trust betaal moes word aangesien die eiendom ten behoeve van die Loggenberg familie aangekoop word.
- [30] Volgens die eerste respondent is hy voor die veiling deur die eerste applikant meegedeel dat hy reeds met kompeterende potensiële kopers ooreenkoms bereik het om nie die prys op te jaag nie. Hy was volgens sy weergawe egter daar om belange van verbandhouders en beleggers te beskerm en vir daardie doeleindes sou hy so 'n hoë prys as moontlik verwag en probeer voorkom dat die eiendom vir 'n appel en 'n ei verkoop word. Hy spreek inderdaad die aanwesiges toe, met die kennis van die onderhandelinge wat die eerste applikant met kompeterende bidders getref het maar laat na om sodanige persone aan te moedig om op die eiendom te bid en in te lig dat die mededelings van die eerste applikant nie korrek is nie.
- [31] In die eerste respondent se eie woorde was dit deurentyd voorsien dat die eiendomme oorgedra sou word aan die applikante of hulle trusts, onderhewig aan betaling van bestaande verpligtinge van die familie trust.

- [32] Die blote feit dat die eerste respondent die familie toelaat om vir 'n aantal jare op die betrokke eiendomme te boer nadat hy dit aangekoop het spreek boekdele.
- [33] Daar is verskeie aspekte in die eerste respondent se weergawe wat moeilik te verduidelik is in die lig van sy ontkenning van enige sodanige voorafgaande ooreenkomste.
- [34] In totaliteit gesien is ek derhalwe tevrede dat daar redelike vooruitsigte is dat die weergawe van die eerste applikant in wese in 'n voorgenome aksie bewys kan word. Op die minste, in die lig van die **Everfresh** beslissing (*supra*) sou dit 'n verpligting op die eerste respondent plaas om nie die eiendom te beswaar of te verkoop alvorens onderhandelinge in goeie trou gevoer is ten einde uitvoering aan die beoogde ooreenkoms te gee nie.

LOCUS STANDI EERSTE APPLIKANT

- [35] Die eerste applikant het die aansoek gebring op grond van sy beweerde belang as begunstigde van die Chacoranja Trust. Vir daardie doeleindes baseer hy sy *locus standi* op die bewering dat die eerste respondent 'n mede-trustee van die trust is en troubreuk teenoor die trust gepleeg het deur te weier om uitvoering te gee aan die beding ten behoeve van 'n derde wat beweerdelik reeds deur en namens die trust aanvaar is. Die eerste applikant beweer dat die eerste respondent, synde 'n mede-trustee, se troubreuk ook toegedig kan word aan die mede-trustees wat dit vir die

mede-trustees onmoontlik maak om op te tree. Op daardie basis, so word geargumenteer, is die eerste applikant geregtig op *locus standi* in terme van die sogenaamde Beningfield uitsondering.

- [36] Dit is duidelik dat die uiteindelijke regshulp gerig is op prestasie deur die eerste respondent in sy persoonlike hoedanigheid en nie as trustee nie. Die basis vir daardie aanspreeklikheid berus op die bewering deur die eerste applikant dat die trust inderdaad die beding ten behoeve van die trust aanvaar het. Dit is duidelik dat die regshulp gevorder word ten behoeve van die trust en derhalwe 'n verteenwoordigende vordering is en nie 'n direkte vordering ten gunste van die eerste applikant nie. Die vordering is ook nie gerig op die wanadministrasie van trust bates nie maar op nakoming van 'n kontraktuele verpligting deur die eerste respondent in sy persoonlike hoedanigheid. Wat die situasie meer kompliseer is die feit dat die betrokke beweerde ooreenkoms ter inhoud het ook verpligtinge wat deur die trust nagekom moet word ten einde oordrag van die eiendomme te bekom. Om daardie rede tender die eerste applikant dan ook nakoming deur die trust. Geen basis is uitgemaak vir die eerste applikant se mag of bevoegdheid om nakoming van verpligtinge deur en namens die trust te tender nie. In die omstandighede van hierdie saak, indien die trustees die beding ten behoeve van die trust aanvaar het, moet nakoming deur die trust en derhalwe die trustees gevorder word. Soos hierin later sal blyk is daar geen oortuigende rede waarom die trustees nie nakoming ten behoeve van die trust kon vorder nie.

- [37] Soos terug uitgewys deur Harms AR in **Gross & Others v Pentz** 1996 (4) SA 617 (AD) te 632E is dit so dat die kwessie van *locus standi* nie noodwendig by die aanvang van verrigtinge beslis kan word nie maar in meerdere gevalle slegs vasgestel kan word na oorweging van al die getuienis en die saak as geheel.
- [38] Die eerste respondent ontken dat die trust enige voordele uit hoofde van die beweerde ooreenkoms aanvaar het. In daardie geval en indien aanvaar word dat 'n ooreenkoms tussen die eerste applikant en die eerste respondent gesluit is ten behoeve van die te stigte trust, ten minste tot die mate wat die eerste respondent 'n verpligting opgelê word om te onderhandel in goeie trou, het die eerste applikant 'n voldoende direkte belang daarby dat die eerste respondent by sy ooreenkoms en verpligting om te onderhandel gehou word ten minste tot en met aanvaarding van die voordeel deur die trust. In **Cape Produce Co (PE) (Pty) Ltd v Dal Maso NO and Another** 2001 (2) SA 182 (WLD) te 189A-C word met verwysing na die beslissing van **African Universal Stores Limited v Dean** 1926 CPD 390 te 395 die volgende met goedkeuring aangehaal waar die agbare regter in die laasgenoemde saak die kontraktuele verhouding tussen persone in die posisie van die eerste applikant en die eerste respondent bespreek en die volgende bevind:

“In my view the plaintiff as one of the contracting parties is entitled to hold defendant to his agreement pending the decision of the third party, and it seems that the proper remedy for so holding him to his promise is an interdict preventing him from

doing or continuing to do any act which has the effect of nullifying his undertaking.”

- [39] In die onderhawig geval, waar dit beweer word dat die eerste respondent weier om te onderhandel of ten minste in goeie trou te onderhandel ter nakoming van sy verpligting soos onderneem in die ooreenkoms teenoor die eerste applikant, het die eerste applikant myns insiens ‘n voldoende belang en *locus standi* om ten minste die tussentydse regshulp te vorder.

LOCUS STANDI VAN TWEDE EN DERDE APPLIKANTE

- [40] Namens die eerste respondent is geargumenteer dat die tweede en derde applikante as synde mede-trustees van die Chacoranja Trust nie oor die nodige kapasiteit beskik om die aansoek te bring nie uit hoofde van die bepalings van die trustakte wat vereis dat daar te alle tersaaklike tye drie trustees teenwoordig moet wees. In hierdie verband steun die eerste respondent onder andere op die beslissing van **Land and Agricultural Bank of South Africa v Parker and Others** 2005 (2) SA 77 (SCA) te paragrafe [10] – [11] en [13] daarvan. In dieselfde beslissing in paragraaf [15] word weereens bevestig dat trustees gesamentlik moet optree ten einde die trust te bind tensy die trustakte teenoorgestel bepaal. Dieselfde beginsels word herhaal in die beslissing van **Hyde Construction CC v Deuchar Family Trust and Another** 2015 (5) SA 388 (WCC) te 396 paragraaf [33].

[41] In die beslissing van Van der Merwe v Hydraberg Hydraulics / Bosman 2010 (5) SA 555 (WCC) word gehandel met 'n trustakte wat onder andere bepaal dat daar ook te alle tye 'n minimum van drie trustees sou wees met voorbehoud dat, indien daar minder as drie trustees sal wees die oorblywende trustees gemagtig is om die al die magte en pligte van die trustees uit te voer vir die onderhoud en administrasie van die trustfonds totdat 'n ander trustee aangestel is. Met verwysing na soortgelyke verdere bepalings van daardie trustakte bevind die hof op bladsy 562 paragraaf [16] as volg:

"It is evident from these provisions that unanimity amongst the trustees is not required in order for decisions to be made effectively in respect of transactions concerning the administration of the trust and the dealing with its assets in terms of the powers conferred on the trustees in terms of clause 6 of the trust deed. It is sufficient if the relevant decision enjoys the support of a majority. A majority decision is competent only if adopted by a majority of the trustees present at a quorate meeting of trustees. Whether such a 'meeting' would need to be one at which the trustees attending were physically present together, or whether the 'meeting' could be held in some alternative form, is a question which it is not necessary to decide. It is evident, however, that in order to qualify as 'a meeting', all the trustees in office would have to receive notice thereof so as to be able to participate in it if they so wished."

Op bladsy 565E word ook erkenning verleen vir geldige besluite wat geneem word by wyse van 'n rondomtalie besluit geteken deur al die trustees.

- [42] Dit blyk dat die prokureur namens die Chacoranja Trust 'n skrywe gerig het aan die eerste respondent waarby aangeheg was 'n konsep rondomtalie besluit wat reeds deur die tweede en derde applikante onderteken was en wat onder andere voorsiening maak vir 'n besluit ingevolge waarvan die respondent verbied word om te handel met die plase Weltevrede tot tyd en wyl 'n aksie omtrent die eiendomsreg en besit van die eiendom afgehandel is. Die eerste respondent word uitgenooi om aan te dring op 'n vergadering van die trustees indien hy nie bereid sou wees om die besluit te onderteken nie en meegedeel dat indien hy nie die besluit onderteken voor 'n sekere datum nie of bevestig dat daar 'n vergadering gehou moet word nie, aanvaar sal word dat hy weier om die besluit te teken en ook nie voornemens is om 'n trustee vergadering by te woon nie.
- [43] Wat betref die kapasiteit van die onderhawige Chacoranja Trust bevat die trustakte sekere bepalinge wat oënskynlik teenstrydig is: Klousule 5.2 bepaal "Daar moet te alle tye minstens 3 (drie) trustees in amp wees, met dien verstande dat ingeval daar net een trustee oorbly as gevolg van die bedanking of dood van 'n mede-trustee, die oorblywende trustee gemagtig is om alle magte van die trustees uit te oefen vir die behoud en administrasie van die trustfonds tot tyd en wyl 'n verdere trustee aangestel is. Indien daar net een trustee in amp is, is sodanige trustee verplig om verdere trustees binne 90 (negentig) dae na die uittrede of afsterwe van die ander trustee(s) aan te stel, by ontstentenis waarvan die diensdoende ouditeur van die trust na eie keuse self as tweede trustee sal optree en/of 'n tweede trustee van sy keuse kan aanstel."

[43] In Klousule 8.2 word bepaal dat:

“Besluite wat die trustees neem, geskied;

8.2.1 as daar meer as twee trustees is, by wyse van ‘n gewone meerderheid van stemme;

8.2.2 as daar slegs twee trustees is, deur ‘n eenstemmige besluit van albei van hulle.”

[44] Paragraaf 23.3 van die trustakte bepaal dat ‘n besluit wat op skrif gestel en deur die trustees onderteken is dieselfde regskrag sou hê as ‘n besluit wat op ‘n vergadering van trustees geneem is.

[45] Soos voormeld kom dit voor asof die trustakte aan die een kant bepaal dat daar te alle tye ten minste 3 trustees in amp moet wees maar slegs bepaal vir die aanstelling van ‘n vereiste verdere trustee indien daar slegs 1 trustee sou oorbly. In die onderhawige geval is daar weliswaar geen vergadering gehou nie maar is die rondomtalie besluit wat aan die eerste respondent voorgelê is geneem op ‘n stadium toe daar steeds 3 trustees in amp was en daar derhalwe nie ‘n kapasiteitsprobleem was nie. Die eerste respondent as derde trustee het geweier om die rondomtalie besluit te teken klaarblyklik weens die feit dat hy daardeur gekonfronteer was met ‘n besluit teen homself en in ‘n posisie van ‘n konflik van belange was. Hy het egter ook nie aangedring op die hou van ‘n vergadering vir ‘n formele besluit daaromtrent nie. Ingevolge die bepalinge van die trustakte sou ‘n besluit van die meerderheid van trustees ‘n bindende besluit wees. Die blote feit dat die eerste

respondent nie die rondomtalie besluit geteken het nie ontnem nie die feit dat die meerderheidsbesluit regs krag het in die spesifieke omstandighede van hierdie geval nie. Dit is duidelik dat die eerste respondent bewus was en in kennis gestel was van die voorgenome besluit en derhalwe geken was daarin. Om in die spesifieke omstandighede van die onderhawige geval te vereis dat daar 'n formele vergadering tussen tweede en derde applikante synde eggenote genotuleer moes word en die teenwoordigheid van die eerste respondent verseker moes word, sou neerkom op die vooropstelling van formaliteite in die weg van die wese van geregtigheid.

[46] Tydens die neem van die besluit deur die tweede en derde applikante was daar derhalwe nie 'n kapasiteitsprobleem nie aangesien die eerste respondent nog steeds 'n trustee was maar is die enigste vraag of die besluit op die wyse waarop dit geneem is regsgeldig was. Ek is *prima facie* tevrede dat dit voldoende regs krag het in die spesifieke omstandighede van die geval.

[47] Op die stadium toe die tweede en derde applikante aansoek doen om toetrede tot die aansoek het die eerste respondent kennis gegee van sy bedanking as trustee. Klaarblyklik, op die eerste respondent se interpretasie van die bepalings van die trustakte, sou sy bedanking die kapasiteit van die tweede en derde trustees om alleen namens die trust op te tree frustreer. Soos reeds gemeld was die besluit geneem toe daar steeds drie trustees in amp was en sou dit nie die

geldigheid van daardie besluit ontnem deur daarna as trustee te bedank nie.

- [48] Ek is derhalwe tevrede dat die tweede en derde applikante voldoende *locus standi* het om in die onderhawige geding namens die trust op te tree.

NIE-VOEGING

- [49] Uit die korrespondensie blyk dit dat, toe die eerste respondent se voorneme om die eiendom te verkoop bekend geword het, die prokureur vir eerste respondent in kennis gestel is dat die applikant van voorneme is om 'n aansoek te bring vir gepaste regshulp om die verkoping of uitvoering van 'n verkoping te verhoed. Tyd is verleen vir die liassering van so 'n aansoek voor of op die einde van Maart 2016 en, aangesien die aansoek nie op die sperdatum beteken is nie, het die eerste respondent 'n koopkontrak geteken met ene Mnr Louis Claasen in terme waarvan hy die betrokke eiendomme aan Claasen verkoop het vir 'n bedrag van R5,2 miljoen. Dit is dieselfde eiendomme wat hy op die likwidasië veiling gedurende Oktober 2011 vir R500 000,00 gekoop het.
- [50] Die applikante beweer dat hulle eers van die identiteit van die koper bewus geword het, nieteenstaande vroeëre navrae daaromtrent, toe die opponerende verklaring geliasseer is. Weens die dringendheid van aangeleentheid en die onbekendheid van die identiteit van die koper was hy nie aanvanklik gevoeg as 'n party tot die aansoek nie. Die applikante het ook nie, nadat die identiteit van die koper

bekend geword het, aansoek gedoen vir sy voeging as 'n party nie. Dit nieteenstaande die feit dat die eerste applikant in sy eedsverklaring reeds erkenning verleen het aan die feit dat die gevraagde regshulp die belange van die betrokke koper sou raak.

[51] By die aanvang van die argumentering van die aansoek is die regsverteenvoerder van die applikante versoek om aan te dui of hulle van voorneme is om die koper van die eiendom, Mnr Claasen te voeg alvorens die hof versoek sou word om bevele te verleen in terme van die smeekbedes al dan nie. Mnr Van der Walt, namens die applikante, het aangedui dat daar besluit is om voort te gaan met die argumentering van die aansoek nieteenstaande die nie-voeging van Mnr Claasen. In daardie verband is 'n eedsverklaring van die prokureur vir applikante, Mnr Strating ingehandig waarin hy vermeld dat hy, nadat hy van die kontakbesonderhede van Mnr Claasen voorsien is, op die 3de Mei 2016 telefonies in kontak was met Mnr Claasen wie aan hom bevestig het dat hy bewus is van die dispuut en die hofaansoek. Mnr Claasen is versoek om aan te dui of hy verlang om as party gevoeg te word waarop hy aangedui het dat hy dit nie verlang nie.

[52] Die volledige aansoekstukke is aan Mnr Claasen gestuur met die versoek dat hy die applikant se prokureurs in kennis moet stel indien hy verlang om as party gevoeg te word. Later het Mnr Claasen telefonies bevestig dat hy die stukke ontvang het en aangedui dat hy nie betrokke wil raak in die dispuut nie maar dat hy 'n afspraak met die eerste

respondent gereël het en daarna die applikant se prokureur in kennis sou stel indien hy sou verlang om gevoeg te word.

- [53] Op die 24 Mei het Mnr Claasen telefonies teenoor Mnr Strating bevestig dat hy nie verlang om as party gevoeg te word nie en onderneem om 'n eedsverklaring tot die effek te onderteken, welke verklaring voorberei en aan hom gestuur is vir ondertekening. Later die oggend, by navrae deur Mnr Strating, het Mnr Claasen aangedui dat hy regsadvies ontvang het om nie die verklaring te onderteken nie en aangedui dat hy reeds 'n antwoord per epos aan die prokureur versend het. Die epos is by die verklaring van Mnr Strating aangeheg en lees as volg:

“Jammer maar na regsadvies is ek aangeraai om niks te teken nie aangesien ek op geen manier betrokke wil raak by die saak nie.”

- [54] In argument het Mnr Van der Walt namens die applikant gesteun op 'n passasie in die beslissing van **Amalgamated Engineering Union v Minister of Labour** 1949 (3) SA 637 (AD) te 659 waar onder andere die volgende gesê word:

“Indeed it seems clear to me that the Court has consistently refrained from dealing with issues in which a third party may have a direct and substantial interest without either having that party joined in the suit or, if the circumstances of the case admit of such a course, taking other adequate steps to ensure that its judgment will not prejudicially affect the party's interests. There may also, of course, be cases in which the court can be satisfied with the third party's waiver of his right to be joined, e.g. if the court is prepared, under all the circumstances of the case, to

accept an intimation from him that he disclaims any interest or that he submits to judgment. It must be borne in mind, however, that even on the allegation that a party has waived his rights, that party is entitled to be heard; for he may, if given the opportunity, dispute either the facts which are said to prove his waiver, or the conclusion of law to be drawn from them, or both.”

[55] In die beslissing van **Eden Village (Meadowbrook) (Pty) Ltd and Another v Edwards and Another** 1995 (4) SA 31 (AD) te 47 tot 48 word met soortgelyke probleme gehandel. In daardie aangeleentheid is op die appèl stadium voorsiening gemaak vir kennis aan belanghebbendes wat nie voorheen gevoeg was nie en ‘n prosedure waardeur hulle onderwerping aan die beslissing van die hof verkry was.

[56] In **Rosebank Mall (Pty) Ltd v Cradock Hights (Pty) Ltd** 2004 (2) SA 353 (WLD) te 366 word die volgende gesê:

“In cases of joinder of necessity the court may, even on appeal, *mero moto* raise the question of joinder to safeguard the interests of third parties, and decline to hear the matter until such joinder has been effected or the court is satisfied that third parties have consented to be bound by the judgment of the court or have waived their right to be joined.”

“The submission of the appellants that informal notice to a party not cited in judicial proceedings, coupled with mere non-intervention or even an intimation of non-intervention, does not amount to a representation that such party will submit to and be bound by any judgment given, is well founded.”

- [57] Ek is nie oortuig dat Mnr Claasen se aanduiding dat hy nie verlang om gevoeg te word nie, 'n noodwendige afstanddoening is van sy reg om gevoeg te word of meebring dat hy toestem om gebonde te wees aan bevele verleen in hierdie aansoek nie. Dit blyk egter dat hy, na sy aanvanklike aanduiding dienooreenkomstig teenoor Mnr Strating, aangedui het dat hy 'n afspraak met die eerste respondent ('n prokureur) het en hy daarna sy besluit in heroorweging sal neem. In sy epos dui hy aan dat hy "op geen manier betrokke wil raak by die saak nie". Hierdie bewering maak hy volgens sy aanduiding na aanleiding van regsadvies. Die afleiding is bykans onvermybaar dat daardie advies komende was van die eerste respondent.
- [58] Die aanduiding dat hy op geen manier betrokke wil raak nie hou op die normale interpretasie daarvan in dat hy ook nie by wyse van 'n voeging betrokke wil raak nie. In die samehang van die getuienis is dit 'n sterk aanduiding dat hy inderdaad afstand doen van sy reg om gevoeg te word met volle kennis van die implikasies van die aansoek. Daar is egter die moontlikheid dat sy mededeling nie bedoel is om 'n afstanddoening daar te stel nie. Indien sy besluit gegrond was op advies vanaf die eerste respondent, wat 'n direkte belang by die aansoek het, kon dit ook gerig wees daarop om die betrokke party te oorreed om nie uit eie beweging gevoeg te word nie sodat die eerste respondent kon steun op die nie-voeging van 'n belanghebbende party.
- [59] Indien tussentydse bevele verleen word sou dit uit die aard van die saak nie 'n permanente invloed op enige moontlike

regte van die betrokke Mnr Claasen hê nie maar bloot 'n tydelike ontneming van sy reg om aan te dring op oordrag en transport. Indien die voorgestelde aksie inderdaad sou voortgaan sal dit uit die aard van die saak noodsaaklik wees om hom as party te voeg aangesien finale regshulp staan verleen te word indien suksesvol.

[60] Alhoewel dit moeilik is om te voorsien op welke gronde Mnr Claasen hoegenaamd insette kan lewer ten opsigte van die dispute tussen die partye tot hierdie aansoek, is dit steeds prosedureel nodig dat hy die geleentheid gebied word om insette te lewer in soverre dit moontlik is.

[61] In die lig van die uitnodiging aan die applikant se regsverteenvoerders om Mnr Claasen te voeg alvorens die aangeleentheid geargumenteer word en gevra sou word vir bevel en hul volharding met die voortsetting van die aansoek sonder voeging van Mnr Claasen, het ek ernstige oorweging daaraan geskenk om die aansoek bloot op grond van die nie-voeging af te wys. Ek is egter van mening dat die belang van geregtigheid in die omstandighede van hierdie saak verg dat die dispute tussen die partye behoorlik bereg word. Ek meen egter dat daar voorsiening gemaak moet word vir die beskerming van Mnr Claasen se belange deur 'n gepaste bevel ten einde hom die geleentheid te bied om die verlening van tussentydse regshulp hangende die instel van 'n aksie en die afhandeling daarvan te opponeer.

ALGEMEEN

- [62] Soos hierbo vermeld is dit nie nodig om vir doeleindes van hierdie aansoek enige finale bevindings te maak met betrekking tot die onderskeie weergawes van die partye nie. Ek het reeds gemeld dat daar verskeie faktore is wat op waarskynlikhede ondersteunend is van die applikante se weergawe. Wat ook al die presiese regshulp is wat in die voorgenome aksie gevra sal word, is nie tans van belang nie behalwe dat dit *prima facie* nodig is om tussentydse regshulp te verleen hangende sodanige beregting.
- [63] Indien die weergawe van die eerste applikant aanvaar word hou dit ontstellende implikasies in vir die optrede van die eerste respondent as prokureur van hierdie hof. Onder andere sou dit impliseer dat hy wetens meegewerk het daartoe dat kompeterende biederders op die eiendom nie op die eiendom biederders nie ten einde hom in staat te stel om die eiendom vir 'n nie-verwante markprys te bekom. Sodanige optrede sou inhou 'n bedrieglike benadeling van die belange van sy beleggers as kliënte in teenstelling met sy persoonlike belang om die eiendom goedkoop te bekom of in belang van die applikant en sy familie tot nadeel van beleggers en verhandelhouers.
- [64] Steeds in die aanvaarding van die moontlike korrektheid van die eerste applikant se weergawe impliseer dit dat die eerste respondent óf aanvanklik meegewerk het ten einde die applikant behulpsaam te wees en daarna besluit het om die gronde vir homself te behou en teen 'n uiters lukratiewe wins te verkoop óf andersins uit die staanspoor bewustelik

meegewerk het om kompeterende bidders te ontmoedig ten einde homself in staat te stel om die eiendom so goedkoop as moontlik te bekom. Beide moontlike afleidings hou elemente van oneerlikheid in.

[65] Meer ontstellend, steeds in die aanvaarding dat die eerste applikant se weergawe korrek is, is die feit dat die weergawe wat deur die eerste respondent aan die hof voorgehou is, dan klaarblyklik misleidend en oneerlik is.

[66] Uit die aard van die saak sal die voormelde alles afhang van welke weergawe uiteindelik aanvaar word. Nietemin werp bewerings van die eerste applikant so ernstige refleksie op die eerlikheid en geskiktheid van die eerste respondent om as prokureur te praktiseer dat dit nodig is dat die aangeleentheid na behore ondersoek word.

[67] In konklusie word die volgende bevel verleen:

A: 'n Bevel *nisi* word uitgereik wat Mnr Louis Claasen die koper van die eiendomme vermeld in paragrafe 2.1 en 2.2 van die kennisgewing van mosie, oproep om redes, indien enige, voor hierdie hof aan te voer op 23 Junie 2016 om 09h30 waarom die volgende bevel nie verleen sal word nie:

1. Dat die eerste respondent verbied word om die ondervermelde eiendom te beswaar met 'n verband of huurkontrak of om 'n verkoopkontrak met enige ander persoon en/of instansie en/of entiteit daaromtrent aan te gaan of te sluit of om enige

ander kontrak te sluit ter oordrag en/of vervreemding van:

- (i) Die resterende gedeelte van gedeelte 1 van die plaas Weltevreden 188, distrik Parys, Vrystaat Provinsie (107,0665 hektaar groot)
 - (ii) Gedeelte 2 (gedeelte van gedeelte 1) van die plaas Weltevreden 188, distrik Parys, Vrystaat Provinsie (107,0665 hektaar groot) geregistreer in die naam van die eerste respondent ingevolge Transportakte T10559/2012; en
2. Die eerste respondent verbied word om oordrag van Transport te verleen (of om enige dokumente te teken of opdrag/te verleen tot die oordrag van transport) aan enige ander persoon en/of instansie en/of entiteit van die plase vermeld in paragraaf 1 hierbo,
- hangende die finale beregting van 'n aksie ingestel te word deur die applikante vir finale regshulp met betrekking tot enige regte en/of aansprake van die Chacoranja Trust in en in verband met die voormelde eiendomme, welke aksie ingestel moet word binne 14 (veertien) dae na verlening van 'n finale bevel ingevolge hierdie bevel *nisi*.
3. Die koste van hierdie aansoek koste in die voorgenome aksie sal wees.

B: Die bevel in paragrawe 1 en 2 hierbo sal dien as tussentydse interdik met onmiddellike werking hangende die finale beregting van voormelde bevel *nisi*.

- C: Hierdie bevel moet sonder versuim op die voormelde Mnr Louis Claasen persoonlik beteken word.
- D: Hierdie uitspraak moet deur die Griffier van hierdie hof tesame met 'n afskrif van die aansoekstukke aan die Prokureursorde van die Vrystaat oorhandig word ten einde ondersoek in te stel na die optrede van die eerste respondent as prokureur en sy geskiktheid om as prokureur te praktiseer.

A.F. JORDAAN, R

Namens die applikante:	Adv. D. J. Van der Walt SC In opdrag van: Symington & De Kok BLOEMFONTEIN
Namens die 1ste respondente:	Adv. F. H. Terblanche SC en Adv. A.J. Wessels In opdrag van: EG Cooper Majiedt Ing BLOEMFONTEIN

/eb